*Vrydag* **13 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 85 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Psalm 85:7-8**

**Here, wil U ons nie maar weer lewend maak nie?!**

Het jy dit ook al beleef … hoedat jy juigend getuig van die Here se wonderlike verlossing in jou lewe, sekerheid van sy genade, sy vergewing van jou sonde, belewing van sy deernisvolle sorg en nabyheid, uitsig op ’n nuwe lewe en toekoms wat soos ’n ligstreep voor jou lê?

Dit is, egter, dikwels ’n getuienis oor gister ... oor die verlede! Vandag, in die hede, lyk dit dikwels heeltemal anders! So het die posisie van sy volk weer versleg. Hulle beleef weer die Here se toorn, sy heilige woede en (op die minste) “afsydigheid” in hulle moeilike omstandighede. Waarskynlik word hier verwys na hulle situasie nádat die Here hulle uit ballingskap bevry het.

Daarom die pleitgebed: *Here, laat ons weer u troue liefde ervaar, u verlossing – skenk dit aan ons* (vs 8)! ’n Gebed wat wemel van God se verbondstrou aan sy volk! Dit is waarvoor hulle pleit én op grond waarvan hulle pleit. Hierdie verlossing is alleen moontlik deur God se troue liefde, sy verbondsgenade!

Ons kan vir seker weet, juis dáárom, dat sy verlossing beslis naby is vir wie ontsag vir Hom het! En dit, om sy troue liefde in die geloof te omhels, vra niks minder nie as ’n lewend-máák van onsself, deur sy Gees (vs 7).

Troue liefde en waarheid ontmoet mekaar; geregtigheid en vrede omhels mekaar – uiteindelik in Jesus Christus. In Hom het God se heerlikheid, sy genade en waarheid, deurgebreek op aarde (Joh. 1:14). Hy het aan die kruis gesterf om ons sonde wat God se toorn opwek, (weg) te dra. Wat meer is: God het Hom uit die dood opgewek om geregtigheid en vrede vir ons te laat kom – hier op aarde! ’n Nuwe, volle lewe onder die seënende hande van God!

Wanneer jou hede mistroostig en godverlate voel, bid hierdie bede ... en luister na wat God sê, in en deur die Woord wat mens geword het! En wag juigend-gelowig op die vrede wat sy Woord bring.

*Sing: Psalm 98-1:1*

*Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*